Jaargang 53 Nr. 3

ISSN 1029-8754
DESEMBER 2005

ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Homo est nihil est omnia

(Kyk op bl 6 middelste kolom, onderaan)

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding**
- **Christelike Onderwys en**
- **Christelike Wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis". . . (Spreuke 1:7).

"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het" (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand 1:8 ■

SKRIFLIG

"Maar op die berg Sion sal daar ontkoming wees, en dit sal 'n heiligdom wees, ..." Obadja 1:17(a), 1933/53-vertaling. - *Ds P Veen*

Obadja se profesie is gerig teen Edom, die broedervolk van Israel – nageslag van Esau (Gen. 36:1). Die boodskap is dat die onreg wat gepleeg is, gestraf sal word; daar kom sekerlik vergelding. "Soos jy gedoen het, sal aan jou gedoen word, jou daad sal op jou hoof neerkom" (v. 15) Op 'n dag sal Israel weer opgetel word onder sy verdrukking uit. Op die berg Sion sal daar uitredding kom, die huis van Jakob sal weer herstel word. Die dag wanneer daar helder en klaar bekend gemaak word dat die Koningskap alleen aan die Here God behoort.

Toe ek hierdie woorde gelees het, het my gedagtes onwillekeurig teruggegaan na iets wat ek gelees het in 'n boek oor Islam en die Christendom; daarin is die volgende vertel aangaande 'n tempel wat in Damaskus gestaan het. Bokant een van dié tempel se deure was die volgende opskrif geverf: "U Koninkryk, o Christus, is die Koninkryk oor alle eeue heen, en U heerskappy is oor alle geslagte." Toe dié tempel in Mohammedaanse hande geval het, is die opskrif natuurlik toegeverf. Op die tempeldak is die halwe maan staangemaak in die plek van die kruis ... maar 'n oplettende kyker kon die letters van die opskrif steeds sien deurskyn!

'n Ou sjeik van die moskeeskool te Bokkara het, nadat hy die Bybel gelees het, gesê: "Ek is oortuig dat Jesus Christus Mohammed sal oorwin. Daaroor kan geen twyfel bestaan nie, want Christus is Koning in die hemel en op aarde, en Sy Koninkryk vul die hemel en sal weldra ook die hele aarde vul."

Dit is goed dat ons in tye wanneer die vyandskap teen die Evangelie sigself op allerlei maniere openbaar, en waar ons helaas sien dat die kerk (in wydste verband) vasgevang is in 'n tugtelose toestand van groeiende dwaalleer tot verswakking van haar boodskap ..... dat ons juis dan bemoedigend herinner word aan die Godswoord wat Obadja eens moes uitspreek. Laat ons in die geloof daaraan vashou:

"Op die berg Sion/die berg van die Here (vgl. Gen. 22:14 en Joh. 19:30) sal uitkoms voorsien word – want die Here is Koning in Sy Heiligdom."

Vervolg op bl 2

IN HIERDIE UITGAWE

Boodskap vir 2006 2
Christen-Afrikaner getransformeer 3
Die vader in die huisgesin 7
Kongres in 2006 9
Wou ons dit hê.....11
Goedkoop genade.....12
Eiendomsgeskiedenis 13

Vervolg van bl 1

Nieteenstaande enige aanvegting, teenstand en vyandskap, sal elke mensesiel eenmaal moet erken dat alle Koninklike Heerlikheid alleen aan die Drie-enige God behoort – Hy wat elkeen red wat in die geloof by Hom skuiling soek (Joh. 6: 35, 37, 38).

’n Geseënde Christusfees word u toegebid. ’n Baie vrugbare gehoorsaamheidslewe vir die volgende jaar – dat u aktief mag meewerk aan die vestiging en koms van Sy Koninkryk op aarde.

- Redaksie

’n Boodskap vir 2006

- Van ons Voorsitter, prof AWG Raath



Die Suid-Afrikaanse samelewing is nie alleen een van die mees geweldadige in die wêreld nie, maar waarskynlik ook een waarin die meeste korrupsie, diefstal, oneerlikheid en bedrog voorkom. Christene van gereformeerde oortuiging word toenemend gekonfronteer met samelewingspraktyke waarin die wil van elke individu en die gemeenskap as geheel die norm word en die karakter van ons samelewing bepaal. Behoorlikheid teenoor andere en konsiderasie vir die medemens het in vele opsigte luukshede geword wat weinig aangetref word. Selfs in die lewe van mede-Christene kom daar weinig tereg van medemenslikheid en die geheiligde lewe wat van Christene verwag word.

Die oproep van die Here in Jesaja 56:1 stel elke gelowige direk verantwoordelik voor die Here en eis verantwoordelikheid oor ons optrede voor sy aangesig: “So sê die HERE: Bewaar die reg en doen geregtigheid ...”. Van hierdie teks verklaar die Hervormer, Calvyn (*Institusie* III, 6, 2), dat wat die Skrif ons hier wil leer, eintlik uit twee dele bestaan. Die eerste is dat die liefde vir wat reg is, as’t ware in ons harte ingedrup en gewek moet word. Ons is immers van nature allermins daartoe geneig! Die tweede is dat ’n gedragsreël vir ons voorgeskryf moet word, sodat ons nie in ons strewe om reg te doen, sal afdwaal nie. Hy vra: “Van watter ander grondslag sou die Skrif kon uitgaan as om ons te vermaan om heilig te wees, omdat ons God heilig is? (Levitikus 19:1 e.v.; 1 Petrus 1:16) Ons is verstrooi soos uiteengejaagde skape en het dwarsdeur die doolhof van die wêreld gedwaal. Maar God het ons weer bymekaargemaak om sy kudde te wees.

Wanneer ons praat van ons verhouding tot God, moet ons besef dat dit heiligheid is wat ons aan Hom verbind. Maar ons kom nie deur die verdienste van ons heiligheid in die regte verhouding tot Hom nie. Ons moet Hom eers aanneem. En dan –

Vervolg op bl 9

Vakmateriaalontwikkeling vir skole

Belangrike werk is die afgelope jaar gedoen om ons nader te bring aan die Vereniging se ideaal van konsekwent Christelike vakonderwys. Die vrugte daarvan sal in 2006 gepluk kan word wanneer sekere vakmateriaal, waarvoor die Vereniging verantwoordelik is, vir gebruik in skole beskikbaar gemaak sal kan word. Die werk word onder leiding en toesig van die komitee vir vakmateriaalontwikkeling gedoen, waarvan prof PH Stoker die sameroeper is.

Afrikaans

Die manuskrip vir die Afrikaans graad 9-handboek is bestem om aan die einde van November gereed te wees vir evaluering deur die genoemde komitee en daarna aan die drukkers oorhandig te word. Toe die eerste weergawe van gestruktureerde leerstof getoets is, het dit daarop gedui dat dit vir graad 9 geskik is, wat terselfdertyd die standaard gestel het. Gevolglik is besluit dat, ooreenkomstig ’n proses van infasering, grade 10, 11 en 12 agtereenvolgens aan die beurt sal kom, om sodoende kontinuïteit in die proses in te bou, sodat die leerlinge wat in 2006 in graad 9 sal wees, in opeenvolgende jare steeds in ’n posisie gestel word om deur middel van handboeke met ’n Christelike inslag vir die taal onderrig te kan word.

Indien alles volgens plan verloop, sal met die samestelling van handboeke vir grade 10, 11 en 12 ’n begin gemaak word in 2006, sodat dié vir graad 10 in 2007, en die ander in daaropvolgende jare beskikbaar gestel kan word, waarna na die vroeëre grade teruggekeer sal word.

Die voltooiing van die Afrikaans graad 9-handboek is ’n besondere mylpaal, aangesien ’n stewige grondslag daardeur gelê word vir taalonderrig ooreenkomstig die Christelike lewensbeskouing en in die kultuuridioom van die Afrikaner.

Bybelonderrig

Die Afrikaanse elektroniese weergawe van Bybelonderrig vir grade 1 tot 12 is in September 2003 voltooi, waarna met die verspreiding daarvan na skole begin is. Talle versoeke

Vervolg op bl 9

Die Christen-Afrikaner – getransformeer tot onmens?

- Dr. T.C. Breitenbach

Wat is waarskynlik daardie mees omvattende, gemeenskaplike kenmerk wat die inwoners van ons land met mekaar in gemeen sou hê? Een moontlike antwoord op hierdie vraag sou kon wees die feit dat ons inderdaad almal **mense** is. Dit is waarskynlik ons **menswees** wat ons almal met mekaar in gemeen het. Hier eindig dié gemeenskaplikheid egter, want **menswees** is sodanig dat dit tot uitdrukking kan kom in òf die gestalte van 'n **mens** wat uiting gee aan **menslikheid**, òf **dit** kan ook tot uitdrukking kom in die gestalte van 'n **onmens** wat uiting gee aan **onmenslikheid**. **Mens** en **onmens** staan dus tweedelend **teenoor** mekaar. Dit konfronteer ons met die vraag: wat beteken dit om **mens** te wees en nie **onmens** nie; om **menslik** te wees en nie **onmenslik** nie? Op hierdie vrae word uiteenlopende antwoorde gegee.

Hoe gebeur dit nou dat die **kindmens** tot **mens** of **onmens** word; tot **menslikheid** of **onmenslikheid** kom? Watter een van dié twee dit ook al gaan wees, **menslikheid** word verwerf langs die weg van die outentieke (*aletheia*) opvoeding en onderwys en **onmenslikheid** aan die hand van die in-outentieke (*doxa*) opvoeding en onderwys. Die weg wat die informele opvoeding van die huis, die nie-formele opvoeding van die kerk en die formele onderwys van die skool inslaan, is allesbepalend vir die **menswording** of **onmenswording** van die kindmens.

Dit blyk sin te maak dat huis, kerk en skool natuurlike vennote van mekaar sal wees in die opvoeding en onderwys met die oog op die **menswording** van die kind. 'n Opvoedkundig-verantwoorde opvoedings- en onderwyspraktyk sal derhalwe daardie tipe praktyk wees waar aldrie vennote tot dieselfde lewensopvatlike en wêreldbeskoulike raamwerk van oortuigings behoort en saamwerk aan die gestaltegewing van 'n gemeenskaplike opvoedings- en onderwysideaal soos wat dit neerslag vind in 'n partikuliere volwassenheidsbeeld as **mensbeeld** wat dan 'n uitdrukking is van 'n **mens** of 'n **onmens**, van **menslikheid** of **onmenslikheid**.

In die vorming van **mense** of **onmense** is veral die skool 'n kragtige instrument waarvoor die owerheid van die dag statutêr die kontekstuele spelreëls bepaal. Het die huis- en kerkvennoot duidelikheid oor na watter soort **mensbeeldvorming** die skool vandag met sy of haar kind onderweg is? Met ander woorde, watter soort **mensbeeld** het die ANC-regering van die dag vir die kind in gedagte by skoolverlating? Verkeer die **mensbeeld(e)** van die huis, kerk en skool nie in botsing met mekaar nie?

Elke onderwys- en skoolstelsel se diepste vertrekpunt is gefundeer in 'n lewensopvatlike en wêreldbeskoulike raamwerk van oortuigings aangaande die kosmos, die mens, kennis en waardes en norme. Hierdie oortuigings van die meerderheid of massa neem aan die hand van statutêre wetgewing 'n voorskriftelike karakter aan in die formele onderwys en filtreer deur na wesensaangeleenthede daarvan soos die doel, inhoud, metodes, die kind, die onderwyser, tug, straf en dissipline, ens., in die skool en klaskamer. By skoolverlating moet die skoolverlater gevorm wees na die **mensbeeld** van die regering van die dag via die skool en klaskamer. In ooreenstemming met so 'n owerheidsbepaalde **mensbeeld** moet die kind reeds op skool sodanige burgerskap ontwikkel wat hom of haar naskools in staat sal stel om in te skakel by 'n samelewing van burgers wat almal aan die hand van dieselfde ideologiesbepaalde **regeringsmensbeeld** gevorm is.

Die statutêr voorgeskrewe **mensbeeld** van die voormalige Christelik-



nasionale onderwys-bedeling is koorsagtig haastig en vernietigend getransformeer tot 'n uitgesoekte hutspot met die humanisme, 'ubuntu', sekularisme en sinkretisme as enkele van die bestanddele daarvan. Laasgenoemde is nie opvoedkundig verantwoordbaar nie. Soos wat opvoedkundiges en akademici nie meer vra na die opvoedkundige verantwoordbaarheid van die huidige onderwyspraktyk in skole nie – omdat dit nie polities korrek sou wees nie – net so vra ouers en predikante ook nie meer of die klaskamergebeure nog versoenbaar is met die doopgelofte wat Christenverbondsouers voor die kansel afgelê het nie.

Vra u nou vir my op grond waarvan onderskei ek tussen **mens** en **onmens**; tussen **menslikheid** en **onmenslikheid**?, is my antwoord: die Drieënige God en die Bybel is die maatstaf vir **ware menswees**. Luister wat sê God self by monde van die profeet Jesaja (13: 11, 1983-vertaling) "Ek sal mense skaarser maak as suiwer goud." Die **ware mens** is dus **God se mens**. God het ons immers geskape na **Sy beeld**.

Vervolg op bl 4

Vervolg van bl 3

Daarom durf daar nie 'n teenstrydigheid wees tussen die **beeld** waarvolgens God ons geskape het en die **mensbeeld** wat dien as model vir die opvoeding en onderwys van die **kindmens** nie. Comenius het gesê: "Jy kan nie **mens** sê sonder om terselfdertyd **God** te sê nie." Selfs die heidense Pilatus het Jesus aan Sy Joodse aanklaers voorgestel as: "Dit is die **mens**." (Joh.19: 5, 1983-vertaling) Vir my is die **onmens** dus hy of sy wat God en die gestaltegewing van Sy **ingeskape beeld** in ons verwerp en/of op 'n slinkse wyse verduister.

C.S. Lewis het gesê: "In his effort to become more than God, man has become less than an animal." Alhoewel die menslike skepsel hom wel soos 'n dier kan gedra, stel ek hom nie graag aan 'n dier gelyk nie. Hy het egter die keusevryheid om of **mens** (van God) of **onmens** (nie van God nie) te wees. Die dier kan nooit **mens** word nie, maar die **onmens** kan wel deur goddelik-ingrypende genade weer **mens** word.

Die voormalige Christelik-nasionale onderwysgedagte het sy vertrekpunt in God se Woord gevind; so het ook die aanhef van die grondwet van die vorige staatkundige bedeling die Christelike tot vertrekpunt geneem. Hierdie vertrekpunt is, soos reeds gestel, oornag getransformeer. Transformasie is derhalwe 'n kragtige instrument in die hande van die owerheid. Langs die weg van transformasie moet daar nou 'n regverdige, nie-diskriminerende, nie-rassige, nie-seksistiese, maatskaplike en polities gelyke, godsdienstig verdraagsame en 'n menseregte-gebaseerde eerstewêrelds-georiënteerde demokratiese samelewing binne 'n derdewêreldse konteks gevestig word. Vir hierdie doel moet elke moontlike transformasie-agent geïdentifiseer en aangewend word. So word dit ook van die skool verwag om as transformasie-agent op te tree. Die vernietigende tsunami-golwe van transformasie rol ook onverbiddelik aan op die Kerk. Het ons al, verwysende na menseregte, mooi nagedink oor wie presies hierdie **mens** van die **menseregte-gedagte** is: Is dit die **mens** of is dit die **onmens**? Die antwoord is duidelik; besluit egter maar self.

Die konseptuele komponent van transformasie het nie net reeds klaargespeel met sommige pleknname nie, maar ook met begrippe soos **karakter**, **identiteit**, **integriteit** en **volk**. Hierdie begrippe is uit die aktiewe woordeskat en denke sowel as ons bewussynslewe verdryf. Transformasie wil die Christen-Afrikaner uiteindelik karakterloos, identiteitloos, volkloos en Godloos, met ander woorde **weerloos** laat.

Ons word gemaak glo dat ons in alles steeds oor 'n demokratiese keuse beskik. In die praktyk het dit egter geen effek nie, want ons word oral deur getalle (die massa) oorheers. Die keuse van die meerderheid domineer nie net die keuse van die minderheid nie, maar kaap ook die **toekoms-deur-keuse** van die minderheid. Die keuse van die minderheid is derhalwe 'n nie-lewensvatbare keuse. Dit kan nie tot 'n besluit en implementering oorgaan nie. Ons word ons besluitnemingsgesag oor ons **eie toekoms** ontneem. So word ons toenemend ontmagtig wat betref ons skole en universiteite, ons taal, ons veiligheid en nog vele meer.

Keuses en besluite berus juis op waardes en 'n waardestelsel. Ons Christelike waardestelsel is reeds – en word toenemend steeds – getransformeer deur die ideologiese denke van die tyd. Waardes is met gesag beklee. 'n Waardestruktuur impliseer derhalwe ook 'n gesagstruktuur. 'n Getransformeerde waardestruktuur beteken daarom 'n getransformeerde gesagstruktuur. Met ons waarde- en gesagstruktuur getransformeer, is ons daarmee ons besluitnemingsgesag ontneem, ook wat ons toekoms betref; ander sal nou vir ons oor ons toekoms besluit. Dit is nou binne die bereik van die demokraties-legitieme bestel van ons dag om die Christen-Afrikanervolk stelselmatig af te breek en uiteindelik te vernietig.

Daar is die verhaal uit Rusland van die man wat na die woud gegaan het om 'n beer te jag. Toe hy op 'n beer afkom, lê hy met sy geweer aan om te skiet, maar net voordat hy die sneller trek, praat die beer met hom en vra: "Waarom wil jy my skiet?" Vanweë sy verbasing oor die pratende beer laat sak die man die geweer, dog lê weer vir 'n tweede keer aan om te skiet. Weer praat die beer en vra: "Waarom wil jy my skiet?" Die jagter sit sy geweer neer en sê: "Omdat ek jou vel wil hê om vir my daarvan 'n pelsjas te maak." "En ek," sê die beer, "soek jou vleis om my honger te stil." En so sit die jagter en die beer toe hul onderhandelingsgesprek voort. Nadat twee weke verloop het en die jagter nie terugkeer huis toe nie, word 'n soekgeselskap uitgestuur na die woud. Uiteindelik vind hulle die jagter waar hy sit met die beer se pels om sy lyf, maar wel binne in die maag van die beer.

Is ons posisie vandag anders as dié van die jagter? Verkeer ons nie valslik onder die waan dat ons in pels (vrede) gedrapeer sit waarvan die prys die vernietiging van ons volk (die jagter) is nie? Teen watter prys het ons vrede verkry en met watter soort vrede het ons wel te make? Iemand het gesê: Ware vrede is nie die **afwesigheid van oorlog** nie, maar wel die **aanwesigheid van God**. Is die vrede wat ons land tans kenmerk van laasgenoemde soort?

Wat het dan verkeerd geloop dat ons volk binne in die beer se maag sit terwyl ons misleidend glo dat ons sy pels dra? Omdat dit 'n uiters komplekse vraag is, het dit geen simplistiese antwoord nie. Dawie van *Die Burger* erken dat die duiwel iets te doen het met die vernietiging van die Christen-Afrikaner. Hy stel die duiwel self aan die woord wat die volgende sê:

"My Teenstander het 'n volkie in Suid-Afrika geplant. Hulle is min mense, maar hulle reken hulle is

Vervolg op bl 5

Vervolg van bl 4

uitverkore. Ek het my bes gedoen om hulle tot niet te maak. Ek het hulle 'n vreemde regering gegee, maar hulle het padgegee. Ek het die runderpes gestuur om hulle mee te vernietig, maar hulle het vasgebyt. Die Britse Ryk het hulle republieke weggevat, maar hulle het nog bly staan.

Toe stuur ek die griep, wat baie van hulle uitgeroei het, maar nog was hulle daar. Ek het 'n algemene staking en 'n rebellie gebring om hulle te verdeel, maar dit het ook nie gehelp nie. Twee maal was hulle in 'n wêreldoorlog ingesleep, maar nog was hulle nie uitgeroei nie.

Nou het ek nog één raad: ek wil hulle welvarend maak en kyk of hulle dit kan oorleef."

In essensie blyk die antwoord op die verkeerdloop-vraag te wees dat ons geleidelik, soos wat dit materieel welvarender met ons mense gegaan het, ons egter dienooreenkomstig geestelik verarm het. Ons het die diepgeestelike dimensie van ons persoonlike en volksbestaan ingeruil vir 'n oppervlakkige hier-en-nou bestaan. Ons wou ons honger en dors elders as by die Bron bevredig en het ook onversadigbaar daarin geword. Deur eie toedoen het ons ten prooi geval van dié kragte en magte wat ons van ons **ware menswees** (as God se mens) wou vervreem; wat van ons **ontheemde mense** wou, en steeds wil, maak. Die **ontheemde mens**, vervreem van sy Ware Wese, is onderweg na die domein van die **onmens**.

Ek dink die Christen-Afrikaner het sy primêre roeping – om volk van God te wees – versaak. Tans is hy besig om sy sekondêre roeping – naamlik om 'n volk te wees – ook te versaak.

Ek dink dat die wording van die Christen-Afrikaner ten doel gehad het die wording van 'n **mens**; 'n **volksmens** as lid van 'n **menslike** volk en nie van 'n **onmenslike** volk nie. Diegene van ons wat glo in die voortbestaan van die Christen-Afrikanervolk sou mekaar kon vra of ons volk nog gesond is; of is dit terminaal siek? Het ons volk nie dalk vir ons soos die spreekwoordelike broer in die tronk geword vir wie ons nog lief is, maar liewer nie meer oor praat nie?

Indien ons kan insien dat ons binne in die beer se maag sit en daarin kan slaag om ons self te bevry van die illusie dat ons sy vel as pelsjas dra, dan sou ons kon vra: waarheen nou? In ons soeke na 'n antwoord sal ons moet toegee dat sekere dinge oënskynlik onomkeerbaar verander het; dat ons steeds nie die wêreldgemeenskap aan ons kant het, of ooit sal kry nie; dat vingerwysende beskuldigings en die aankla van medevolksgenote ons nie veel in die sak gaan bring nie, maar dat dit van elkeen van ons 'n eerlike selfondersoek gaan verg wat betref die soort **mensbeeld** waaraan en waarnatoe ek self, my vrou en kinders, my familie en vriende en my volksgenote tans werk.

'n Mensbeskouing wat kontrasterend onderskei tussen **mens** en **onmens**; **menslikheid** en **onmenslikheid** moet in en/of op "iets" gefundeer wees. Soos vooraf reeds gestel, gaan dit hierin vir my oor God Drieënig in Wie my mensbeskouing gefundeer is. **Mensbeskouing** impliseer vir my 'n **Skrifgefundeerde Godsbeskouing**. Sonder laasgenoemde is eersgenoemde vir my nie moontlik nie. My afleiding is dat ons vandag grootliks te make het met 'n verduisterde **Skrif-** en **Godsbeskouing** en, voortvloeiende daaruit, 'n verduisterde **mensbeskouing** wat die direkte oorsaak is van ons onvermoë om te kan onderskei tussen die **mens** en die **onmens**, ook binne die geledere van die Christen-Afrikanervolk self.

Ons is byvoorbeeld almal bewus van die aanslag op die Kerk van Christus. Wat ons te wete kan kom hieromtrent, is nie wat mense of die media vir ons te vertel het nie, maar wel wat God Self in Sy Woord profeties reeds vir Sy volgelinge voorspel het. Die aanslag is dus onvermydelik; dit gaan kom en in felheid toeneem. Sommige van ons sien dan ook die Kerk as ons laaste vesting. Gaan die Kerk ook in die beer se maag beland, of is hy reeds goed onderweg daarheen? As gewese kerkvolk was hul kerk vir baie Christen-Afrikaners tegelyk ook 'n volkskerk. Daarom moet daar 'n dubbele aanslag op die Christen-Afrikaner se geloofsfront kom: een vanuit die sekulêre wêreld op die Christen-Afrikaner as kerkvolk, maar ook een vanuit die Kerk self op die volkskerk. Geloofs- en leerstellige suiwering binne die Kerk blyk daarom onvermydelik te wees.

Is dit histories wel aanwysbaar dat die wordingsverhaal van die Christen-Afrikaner en -volk daarop dui dat hy die Christelike tot hart en hartklop van sy bestaan gemaak het op 'n wyse wat ooreenstem met Spreuke 4: 23, 1983-vertaling, wat sê: "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe." Indien die antwoord hierop 'n **ja** sou wees, moet ook verder gevra word: is dit steeds waar van al die huidige lede van ons volk? Ek is bevrees dat die antwoord 'n **nee** moet wees, en met **nee** as antwoord beteken dit dat die **hart** van ons geloofslewe getransformeer word in die rigting van die **onmens** (nie mens van God nie).

Vra ons mekaar as Christen-Afrikaners wat ons te doen staan, is die antwoord tegelyk vanselfsprekend en eenvoudig: ons moet in alle erns, opregtheid en ootmoed terugkeer tot die Drieënige God en ons verhouding met Hom herstel. Terugkeer impliseer om eers tot stilstand te kom, en stilstand suggereer geleentheid vir selfondersoek en besinning. Eers ná vrugbare en helende besinning kan die reddende aksie van ommekeer plaasvind. Sonder 'n ommekeer is 'n terugkeer nie moontlik nie. Terugkeer tot God kan ook nie op ons voorwaarde geskied nie, maar wel volgens Syne.

Benewens die herstel van ons

Vervolg op bl 6

Vervolg van bl 5

verhouding met God, moet die volk ook oor sigself besin. Is die hou van ’n volkskongres vir dié doel in hierdie dae nog moontlik, of gaan die beer sy tande grynsend wys en ons bestorm? By so ’n geleentheid sou daar oor ’n velerlei van sake besin kon word soos: leef die volksgedagte nog en, indien wel, is dit nog gesond of dalk terminaal siek? Ons moet besin oor die ideaal vir ons **menswees**, ons **Afrikanerwees** en ons **volkwees**. Hierdie drie bestaanswyses moet versoenbaar wees met mekaar, anders bly inherente spanning en verdeeldheid ons voorland as aanloop tot ons ondergang, presies wat die duiwel, volgens Dawie van *Die Burger*, beoog.

Vir ’n volk wat besin is daar nog hoop. Ons volk moet besin oor sy **Godsbeskouing** en **mens-** en **wêreldbeskouing**; sy **waardestelsel**; sy **identiteit**; sy **taal**; sy **historiese verlede**; sy **jeug**; sy **bejaardes**; sy **Kerk**; sy **opvoeding** en **onderwys**; die **behoeftige lede** van sy volk; sy **kulturele erfenis**; sy **stoflike voortbestaan**; kortom, daar moet besin word oor die Afrikanervolk, as **Christenvolk**, se **voortbestaan**.

Voorgenoemde dui op ’n besinning na **binne**, maar ook ’n besinning na **buite.** Aangaande ons volk se verhouding met ander groeperinge van mense lyk gesprekvoering onafwendbaar, want ons woon nie in isolasie nie.

Indien ons as volk wil voortbestaan, sal ons as volksgenote wakker moet word en uit ons slaap opstaan. Ons sal ons teenstanders as volk tegemoet moet gaan en nie kultuurorganisasies as huursoldate in diens neem en na die gevegsfront stuur nie. Ons mag nie toelaat dat ons volkstatus verlaag word tot dié van ’n blote kultuurgroep nie. Gereduseer tot slegs een van vele kultuurgroepe, gaan ons fyngemaal word in hierdie proses wat sy vertrekpunt neem in die sekulêre humanisme en vandaar op een verlengstuk voortstu deur die liberalisme, assimilasionisme, multikulturalisme en die globalisme na die godlose bedeling van die *homo novus* (die nuwe mens) van die *novo ordo seclorum* (die nuwe wêreldorde).

Met die oog op die tydige voorkoming van sy ondergang sal ons volk ook moet besin oor ’n strategiese plan waarvolgens doelgerigte volksaksies vir die behoud van die volksboustene – soos die gesinslewe, die Kerk en die onderwys – geïmplementeer kan word. Hierdie taak is die verantwoordelikheid van die volk self en die leiers van die volk, en nie dié van huurlinge nie. Ons volk kan nie sy toekoms aan huurlinge toevertrou nie. Die vraag is dus: waar is die leiers van ons volk wat ons binne die veelfasettige terreine van die volkslewe moet lei? Hulle wat moet waak dat die Afrikanervolk nie in die moeras van die **onmens** verval nie? Hulle wat ons volksroeping en -ideaal weer in ere moet herstel, te wete **Ligdraers** van ’n **Christelike beskawing** onder die vaandel van die **Kruis**?

Die Christen-Afrikaner moet weer besef **wie** hy/sy is: **mens** en nie **onmens** nie; **waarvandaan** ons kom; met watter **doel** ons in hierdie land is en **waarheen** ons onderweg is. Eers wanneer ons weet **wie** ons is, kan ons ons **roeping** vervul.

“Until they tell me who I am, I will not know what I can be”(outeur onbekend).

Tensy die Christen-Afrikaner dus weet **wie** hy/sy is, kan hy/sy nie word wat hy/sy bestem is om te wees nie. Ten einde dus nie tot ’n **onmens** te transformeer nie, moet hy/sy **weet** dat hy/sy **mens** is en sorg dat hy/sy **mens** is en bly.

Homo est nihil est omnia. Die mens is uit homself niks, maar deur Christus alles.

Ongeag klein in getal het die Christen-Afrikaner steeds die keuse of hy/sy steeds **mens** (God se mens) wil wees en of hy/sy getransformeer wil word tot afvallige **onmens** (nie God se mens nie). Ons **toekoms** hang van hierdie keuse af: ’n **toekoms mét God** of **géén toekoms sonder Hom**. As volksleier het Josua die waarheid van dié tydlose grondkeuse onderstreep toe hy vir sy volk gesê het: “ … kies dan vandag wie julle wil dien … Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.” (Josua 24: 15)

Hoop van die gelowige

Een van ons lede, mnr PJ Roux van Bloemfontein, skryf dat die verval van die Weste na die Tweede Wêreldoorlog waarneembaar geword het aan die gemaklike dissipline soos hy dit noem, wat ingetree, en algaande tot die verwerping van gesag aanleiding gegee het.

Vir ’n gelowige mens is dit ’n pyniging om dié verval te moet aanskou, omdat dit God se wêreld is wat so deur die nawerking van die sondeval getref word. Miljoene mense het sedert die begin van die skepping die aarde bewoon, en hoeveel van hulle is nie deur die gevolge daarvan meegesleur nie.

Die openbaring soos deur die Woord van God bied egter aan die gelowiges die vaste sekerheid in Jesus Christus om staande te kan bly en hoopvol te lewe met die belofte van die nuwe hemel en aarde.

Die VCHO-kantoor te Barnesstraat 41, Bloemfontein, op die voorgrond. Kyk ook berig op bl. 13

Die vader se rol in die huisgesin van die 21ste eeu

- Dr J du P Malan

(Hierdie is deel 2 van 'n referaat wat tydens ons vorige VCHO-kongres gelewer is. Deel 1 het in die Augustus-uitgawe van ons blad verskyn.) Skrifverwysings uit die 1983-vertaling.

Die verantwoordelikhede en pligte van 'n pa word duidelik in die Bybel uitgespel. Keer op keer kry ons verwysings na die pa se rol. "My seun, jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee" (Spreuke 1: 8).

En in Spreuke lees ons: 4: 1 - 4: "Kinders, neem die opvoeding wat 'n vader julle gee, ter harte; slaan daarop ag, sodat julle kan leer wat insig is … ek was ook een keer 'n kind … my vader het my toe ook geleer en vir my gesê: Wat ek jou sê, moet jy vashou, my voorskrifte moet jy uitvoer, sodat jy werklik kan lewe. "

Of jy nou daarvan hou of nie, jy is as pa voor God verantwoordelik om jou vaderplig te doen en Hy sal van jou rekenskap vra oor hoe jy in die persoonlike en die geestelike behoeftes van jou gesinslede voorsien het. Dis nie iemand anders se plig nie, dis joune.

Jy kan nie net daar staan en sê: "die kinders van vandag met al die invloede wat op hulle inwerk, mens kan net nie sê hoe hulle gaan grootword nie." En wat het dan geword van **jou** invloed?!

Nee, God verwag van jou om hulle van heel kleinsaf (en daar is die geheim!), **van heel kleinsaf,** te lei en te stuur en te beïnvloed sodat hulle alles kan word wat Hy beplan het hulle moet wees.

Efesiërs 6: 4 vermaan: "Vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil." As pa kan jy jou kinders opstandig maak, en dis die laaste ding wat God wil hê jy moet doen.

Hy wil hê jy moet leer om hulle lief te hê en te begryp en wanneer dit nodig mag wees, hulle te straf vir hulle eie beswil, sodat hulle kan opgroei om alles te wees wat Hy vir hulle beplan het. Jy moet jou vrou en jou gesin liefhê. Jy word nie maar net aangemoedig daartoe of so geadviseer nie, God **beveel** jou om dit te doen.

Van heel kleinsaf moet kinders leer: "In hierdie huis praat pa en ma net eenmaal." **Dit is die basiese bousteen van dissipline.** As dit verontagsaam word, volg daar onmiddellik straf. As hierdie die reël is, sal jy vind dat jy bitter selde hoef te straf.

Dwarsdeur die Bybel word dissipline beskou as korreksie, nie as straf nie. Ons hoef nie daarvoor terug te deins nie. Spreuke 22: 15 verklaar uitdruklik "Onverstandigheid is eie aan 'n jongmens, maar 'n pak slae haal dit uit hom uit." En watter moderne uitsprake ookal gemaak word oor dissiplinering, ons weet dat die Bybelwoord onaantasbaar waar is. Jy hoef vir geen kind te leer om stout te wees nie, jy moet hom leer om soet te wees; stoutwees weet hy vanself, want hy is uit die nageslag van Adam en Eva!

3. Oorstelp deur die huidige omstandighede, vra baie mense: Is dit nou moontlik om in ons dae 'n huisgesin te kweek wat 'n gesin sal wees in die ware sin van die woord, wat 'n vesting sal wees?

Ek glo dat dit wel moontlik is.

Maar, dit sal beteken dat ons, met soveel minder tyd tot ons beskikking, en gedruk deur soveel geweldige uitdagings, soveel harder aan hierdie ideaal sal moet werk.

Want ouerskap sal tot sy reg kom as die grootheid van die ideaal altyd vir ons groter bly as die opoffering wat dit vra.

En ons ideaal moet wees: nie net 'n hegte huisgesin wat aan mekaar verbonde in liefde lewe nie, maar dat ons sal sê: ten spyte van die **invloede van buite,** die **verlaging van standaarde** deur die tydgees, **mure** wat om ons val, permissiwiteit, materialisme, met oortuiging soos Josua van ouds: "Maar ek en my huis, ons sal die Here dien." (Josua 24:15)

En dit moet ons ook op so 'n manier doen, dat ons as ouers ook eendag voor God sal kan staan en sê in die woorde van Jesaja 8:18 : "Hier is ons en die kinders wat U aan ons gegee het."

4. Wat is dan werklik ons taak in die praktyk om ons roeping as ouers (en veral my roeping as pa) teenoor ons kinders reg uit te voer en daarin ons roeping aan God te vervul?

Ons het gesê dat opvoeding ten diepste 'n kwessie is van gesag.

Dis dwaas om te veralgemeen, maar in baie gevalle het ouers **te laat** in die kind se lewe met die liefdevolle gestrengheid van gesag hulle opvoedingswerk begin.

Van die eerste oomblikke van 'n kind se lewe af moet daar op die ouer se lippe hierdie belydenis wees: "My kind, jy is myne, maar ek is vir jou verantwoordelik aan God wat jou vir my gegee het, en daarom moet ek Sy gesag oor jou handhaaf. En jy, my kind, moet God se gesag in my, swakke mens, eerbiedig en aanvaar."

So, glo ek, moet daar 'n wisselwerking wees tussen ouer en kind wat as hoofvereiste het: openlike en spontane vertroue, in verband met alle sake wedersyds. Dit noem ons kommunikasie.

Die belangrike modewoord van ons dag is "dialoog". In nasionale en internasionale betrekkings word dit al hoe belangriker.

Vervolg op bl 8

Vervolg van bl 7

Ek wil by u pleit vir dialoog. Nie dialoog daarbuite nie, maar dialoog na binne, hier in die heel intiemste kring: **gesinsdialoog.**

Dit is in die heel intiemste verhoudings en verbintenisse dat mense dikwels die gevaar loop om die heel verste van mekaar verwyder te raak !

Daarom is die wedersydse wisselwerking so noodsaaklik. Tussen man en vrou, en ook tussen ouers en kinders. Ons loop gevaar om so besig te wees om materiële dinge vir onsself en vir ons kinders bymekaar te maak, dat ons in die proses nie agterkom dat ons **mekaar, of ons kinders** langs die pad verloor het nie. En die rede? Dikwels omdat ons **die wedersydse behoefte aan mekaar** nie **bewustelik** bevredig het nie.

So baie mense het verleer (of nog nooit geleer nie) hoe om met mekaar te kommunikeer. Baie meen kommunikasie is: om die boodskap by die ander tuis te bring ("to get the message accross"). Maar dit is monoloog nie dialoog nie!

Dialoog is gesprek, wisselwerking, aktiewe wedersydse deelname waaruit begrip kom.

Hoe onontbeerlik is daardie gesprek rondom die etetafel nie – die uitruil van gebeurtenisse van die dag en die wissel van gedagtes.

Ons praat van kommunikasie. Dis iets wat deurlopend moet plaasvind, in die **gesproke** (en veral) in die **ongesproke** dinge. Kinders leer meer uit die **atmosfeer** in 'n huis as uit talle van die dinge wat vir hulle vertel of voorgehou word. Die prente aan die mure, muurtekste, simbole, het ongelooflike opvoedkundige waarde.

Hoe duidelik praat die Heilige Skrif oor die noodsaaklikheid van hierdie deurlopende kommunikasie as ons iets blywends wil bereik t.o.v. die ware opvoeding van ons kinders.

Dit is **ons lewenstyl** wat hulle optel, ons **waardebepalings**, ons **wêreldbeskouing.** En hierdie dinge kom uit in die ganse manier waarop ons lewe en wat klein oplettende ogies en opvangende oortjies ons elke woord en beweging indrink en hulle eie maak.

Albert Schweitzer het gesê: "voorbeeld is nie deel van opvoeding nie - dit is opvoeding."

Wanneer gepraat word oor die belangrikheid van die gesin en gesinsverbande, stem verstandige mense altyd saam daaroor. Maar laat my toe om dit baie duidelik te sê: dit sal net nie help om te probeer om die gesin 'n gesin te wil laat wees met wat van jou oor is nadat al die buiteaktiwiteite ons kragte, ons energie en ons belangstelling afgetap het nie.

Ouers is maar altyd die mense wat die inisiatief moet neem : kommunikasie kom nie vanself nie. Wees ingestem op die "opvoedingsmomente" in die gesinslewe: geleenthede om dinge te bespreek, vrae te beantwoord, gedagtes oor te dra.

Bied uitdagings aan jou gesinslede, veral die kinders, met spesifieke opdragte, take.

Kinders moet tuis al leer om terugslae en teleurstellings te verwerk en te bowe te kom.

Kinders moet leer om geld met groot versigtigheid te hanteer, om sonder sekere dinge klaar te kom. Die welvaart sal hom uiteindelik op ons wreek!

In die huis leer kinders dat die godsdiens 'n natuurlike, maar ook 'n onontbeerlike basis is. Kerkbesoek is 'n gesinsvoorreg.

By die huisgodsdiens word nie net Bybelverhale geleer nie, maar dit is die sonderlinge plek by uitnemendheid waar innerlike waardes gekweek word en waar ouers hulle kinders kleintyd al aan Jesus Christus persoonlik kan vasbind. Is ons huisgodsdiens nog sodanig dat daar binne-in ons huise 'n godsdienstige volk opgroei?

Ouers moet bewus wees van die probleme (persoonlikheidsprobleme, kleuterjare; puberteit, ens.) Probeer dit vooruit al ontmoet. Maak **gespreksgeleenthede** met jou kinders (nie preekgeleenthede nie!). Dikwels is gesprek tussen ouer en kind twee gelyktydige monoloë: die een met kritiek en instruksies, die ander met ontkennings en pleidooie!

Veral privaat en intiem, so ongedwonge en spontaan as moontlik kan sake deurgesels word wat vir die kind se ontwikkeling uiters belangrik is. Bv. oor **geslagsake**, elke keer as die hond of kat kleintjies het; of as daar 'n swanger vrou by die huis was. Sulke gesprekke moet trouens dikwels herhaal word.

Die grondwet van alle opvoeding is dat die opvoeder vir die kind **tyd** moet hê. Wie nie tyd het nie, kan nie opvoed nie!

Ons praat baie van offers wat ons moet bring. Miskien is die belangrikste offer wat ouers moet bring: om tyd op te offer sodat hulle tyd kan hê vir hulle kinders.

Dikwels sal ouers gerief en gemak moet opoffer. Doen dit sonder om voor jou kinders te verskyn as 'n martelaar!

Baie ouers oorlaai hul kinders met geld en geskenke. Jou kind wil nie jou geskenke hê nie, hy wil jou hê.

Lê ons nog in ons huise die grondbeginsels neer, en lewe ons hulle self so uit dat ons kinders goeie, onuitwisbare indrukke met hulle sal saamdra die lewe in?

Wanneer 'n mens in die branding van die lewe staan en self moet huis opsit, dan doen hy gewoonlik maar dinge soos hy dit in sy ouerhuis sien doen het.

Hoe eensamer, en ingewikkelder, en onpersoonliker die lewe daarbuite word, hoe groter is die behoefte aan **wedersydse liefde en aanvaarding** tuis. Hoe nodiger het pa, ma, en kinders mekaar. In die liefde en sekerheid wat hulle vir mekaar gee, bou hulle weerbaarheid op.

Van oudsher is gesê dat die huisgesin die bakermat van 'n volk is. Geen volk kan sterker wees as wat sy gesinne is nie.

Laat ons met toewyding gaan werk, nie net vir ons gesinne nie, maar aan ons gesinslewe, sodat ons huisgesinne vestings sal wees van 'n volk wat geestelik weerbaar en innerlik sterk is!

Boodskap Vervolg van bl 2

deurdrenk van Sy heiligheid – sal ons Hom volg waarheen Hy ons ook roep. Sy eer bring mee dat Hy glad nie gemeenskap met die ongeregtigheid en met onreinheid het nie.

Daarom leer die Skrif ook dat dit die doel van ons roeping is. En daarop moet ons steeds let – as ons die roepende God wil antwoord. Ons is uit die ongeregtigheid en die besoedeling van die wêreld bevry waarin ons weggesink was. Watter sin sou dit dan hê as ons toelaat dat ons ons lewe lank daarin rondrol? Bowendien vermaan die Skrif ons ook (Jesaja 35: 8 en elders) dat, ten einde tot die volk van God gereken te word, ons heilig moet leef.

By die oordenking van die verlossingswerk in Christus word dus van ons vereis om oor ons verhouding met Hom na te dink, en deur ons lewensvoorbeeld 'n Christelike getuienis in Suid-Afrika op die vooraand van die jaar 2006 te wees.

Vakmateriaalontwikkeling Vervolg van bl 2

vir 'n Engelse ekwivalent is daarna ontvang. Aangesien daar nie 'n volledige ekwivalent daarvan in Engels beskikbaar was nie, is met die groot werk van vertaling in 2004 begin. Die vertaalwerk het sodanig gevorder dat daar verwag word dat 'n Engelse weergawe in die loop van 2006 gereed sal wees. Daar is egter nog aansienlike redigeerwerk daaraan verbonde. Intussen word voortgegaan met die verspreiding van die Afrikaanse weergawe.

Medewerkers

Ons is groot dank aan medewerkers verskuldig wat ondanks hulle persoonlike verpligtinge ook nog bereid is om hulp te verleen in die ontwikkeling van vakmateriaal. Vakkundiges wat betrokke wil raak sal verwelkom word, aangesien hierdie 'n saak van hoë prioriteit, en 'n uiters tydrowende werk is. Skakel ons by (051) 448- 9160 asb. en meld u aan.

Kongres in 2006

Reglement

In ooreenstemming met ons Vereniging se reglementele bepalings dat 'n kongres elke agtien maande gehou word, beteken dit dat die volgende geleentheid in 2006 moet plaasvind. Die datum, 11 Maart, soos vasgestel, word nou reeds doelbewus en berekend aan ons lede bekendgemaak, sodat dit in u beplanning vir volgende jaar geïnkorporeer kan word.

Etiese kwessies onder die loep

Dit is die Hoofbestuur se benadering dat kongresse toegespits sal wees op die behoud en uitbouing van ons volk se reformatoriese erfgoedere (kultuuropdrag volgens Genesis 1: 28), as 'n Bybelse roeping aan alle volkere, en dat wat die inkleding daarvan betref, dit so gerig word dat die relevansie, sover dit die aktualiteite van die dag betref, behou word. So was die afgelope kongresse gerig op die aard en instandhouding van 'n Christelike gesinslewe.

Van die mees brandende kwessies tans in ons samelewing het op die etiese betrekking. Die etiese as lewensbeginsel waarin die liefde tot God en die naaste (in hierdie orde) tot uitdrukking moet kom, word wyd getref deur die verskynsels waarvan ons daagliks oor die media kennis neem, en in die gewone gang van sake rondom ons waarneem.

'n Mens kan in die besinning hieroor kategories te werk gaan deur die vlakke of terreine af te baken, een of meer daarvan te ondersoek, illustreer hoedat hierdie lewensbeginsel in die gedrang kom, en van daaruit geldige afleidings maak oor byvoorbeeld die stand van moraliteit in Suid-Afrika. Om egter alleen maar 'n peiling te probeer doen van die etiese stande van sake en daarby te volstaan, sal van weinig betekenis wees, indien daar nie op beginselgrondslag by die lewenspraktyk uitgekom word nie. Daarom word in die vooruitsig gestel dat die aanbiedinge, deur middel van referate en die bespreking wat gevoer sal word, op die praktiese lewe afgestem sal wees, maar dan wel so dat die Bybelse beginsels aan die grondslag daarvan, aangetoon word. Die kongres sal dus so ingerig word dat dit waardevolle inligting en toerusting aan ons lede en belangstellendes sal bied waarmee na die praktyk van die lewe gegaan sal kan word.

Die Hoofbestuur is van oordeel dat die wydverspreide voorkoms, asook die hoë frekwensie van verskynsels waarna vroeër verwys is en waardeur die etiese lewensbeginsel in sy wese geskend word – ten gevolge waarvan die Suid-Afrikaanse samelewing hom op 'n pad van selfvernietiging bevind – meer as voldoende motivering bied vir 'n kongres wat tematologies die etiese kwessies onder die loep sal neem. Dan is die primêre beweegrede allermins dat die misstande in ons samelewing aan die grootklok gehang word; eerder dat ons as Vereniging ons aan die Skrifbeginsels wil verantwoord, en ons opnuut oriënteer ten aansien van wat aan die gebeur is in ons land. As Christelike gemeenskap mag ons immers nie onverskillig daarteenoor staan nie, en het ons trouens 'n roeping om ons Bybelse lewensoortuiging te laat hoor.

Wat gebeur by die kongres

Die volgende persone het stemreg op 'n kongres:

(i) elke individuele lid;
(ii) geaffilieerde kerkrade en liggame wat per afvaardiging oor een stem beskik.

Vervolg op bl 10

Vervolg van bl 9

Tydens kongresse word, benewens die referate wat gelewer word, die volgende sake hanteer:

(iii) Die verslag van die Hoofbestuur word gelewer.

(iv) Beskrywingspunte, mosies en voorstelle deur lede – met inbegrip van kerkrade, liggame en takke – dien ter oorweging. Waar moontlik moet gemelde sake verkieslik vooraf aan die kantoor voorgelê word, sodat dit minstens veertien dae voor die kongres aan lede gesirkuleer kan word.

(v) Die ouditeur vir die volgende termyn word deur die kongres benoem.

(vi) Lede word tot die Hoofbestuur verkies. Die Hoofbestuur word uit nege lede saamgestel, te wete die voorsitter, ondervoorsitter en sewe bykomende lede, deur die kongres daartoe verkies. Drie van die verkose lede tree telkens in rotasie by elke kongres af, maar bly herkiesbaar. Die drie lede van wie die termyne by die kongres verstreke sal wees is die volgende:
Prof. IH Horn van Pretoria
Dr. HG Stoker van Pretoria
Ds. G Opperman van Brits.
Hierdie drie lede sal moet aandui of hulle vir 'n volgende termyn beskikbaar sal wees, en ons vertrou dat dit wel die geval sal wees.

Benewens die nege verkose lede, het die Hoofbestuur die reg om nog drie persone te koöpteer.

Dit staan enigeen vry om 'n kongres by te woon en aan bespreking deel te neem, maar slegs lede mag stem. Persone wat die grondslag, doel en missie van die Vereniging onderskryf kan egter as lede aansluit; ook tydens die kongres.

Ontmoet voorlopig twee van ons buitelandse referente

Oproep tot ons lede en uitnodiging aan belangstellende geesgenote

Wat die lede van ons Vereniging betref, is dit vir ons van wesensbelang dat ons op u ondersteuning kan reken, óók en veral sover dit die kongres aangaan. Tussen kongresse deur is dit die bestuur se taak en verantwoordelikheid om aan die missie uitvoering te gee, soos wat dit by wyse van kongresbesluite aan hom opgedra word, maar ook om deurlopend daarmee besig te wees, in ooreenstemming met die oorhoofse doelstelling. Die Hoofbestuur neem wel die leiding in die gewone gang van sake, maar wanneer dit by 'n kongres kom, waar belangrike besluite geneem en mosies aanvaar word, word die kwaliteit daarvan deur die deelname van ons lede bepaal. Verder is dit die ervaring dat die referente telkens groot moeite doen om hulle boodskap by die VCHO-kongres te kom aflewer, in die verwagting dat hulle op 'n goeie gehoor kan staatmaak. Ons is dit aan hulle verskuldig om hulle daarvoor te beloon deur ons bywoning en meelewing. Daarby is dit vir die Hoofbestuur en amptenare 'n saak van onmoontlikheid om met die boodskap oral te kan uitkom, maar is dit wel vir ons lede moontlik om in die omgewings waar hulle hul bevind, die saak van Christelike opvoeding en onderwys uit te dra. Die kongres bied daartoe die ideale geleentheid om met kennis toegerus te word. Daarom dat ons 'n beroep op ons lede doen om die Hoofbestuur hierin te ondersteun deur u teenwoordigheid. Insgelyks word belangstellende geesgenote uitgenooi om die kongres by te woon.

Besonderhede oor die kongres op 11 Maart 2006 sal vroeg in die nuwejaar aan ons lede deurgegee word.

Mnr Ventrella

Een van die referente wat op 11 Maart 2006 tydens ons kongres sal optree, is mnr Jeffery Ventrella van die VSA. Hy is iemand met 'n indrukwekkende loopbaan in veral regspleging, maar eweneens ook 'n gerekende Etikus in Amerika. Reeds op hoërskool blink hy uit, deur 'n gradering van 1ste in sy klas te behaal. Aan die Universiteit van Noord-Colorado verwerf hy die graad B.Mus. met die hoogste lof, en spesialiseer in trompetspel. Hierna verwerf hy 'n doktorsgraad in die Regte aan die Universiteit van California. Oor 'n tydperk van 15 jaar litigeer hy in ingewikkelde regsake in die kommersiële sektor, versekering, finansies, die omgewing, natuurlike hulpbronne en in appèlsake. Gedurende dieselfde tyd bied hy talle seminare vir 'n hele aantal organisasies in Amerika aan, waartydens die onderwerpe "bewegingspraktyk", "ontdekkingspraktyk", "grensereg" en "regsredenasie" behandel word. Hy bied ook op 'n uitgebreide skaal lesings aan oor verhoudinge in sivielreg, strafreg en ekklesiastiese (kerklike) regspraak wat op die toerusting van die kerk gerig is. Hy is ook in die kulturele lewe betrokke by wyse van formele debatvoering en media-onderhoude en tree gereeld as spreker namens The Federalist Society op. Hy word as 'n uitstekende redenaar wat met sy gehoor kan kommunikeer, beskou. Van die publikasies wat uit sy pen verskyn het is ondermeer *Thine is the Kingdom* (2003) en *Backbone of*

the Bible (2004). Mnr Ventrella is in die etiek en apologetiek onderleg, waarin hy ook tans doseer, en sy referaat sal juis oor 'n aspek van die etiek in die samelewing handel, waarin die jongmenskultuur ter sprake sal kom. Hy beoefen karate en is die houer van 'n swartgordel, 2de graad in *Tae Kwon-do* (ons weet nog nie of hy van laasgenoemde gebruik sal maak om aan hom groter oorredingskrag tydens sy openbare optredes te verleen nie). Ons sien daarna uit om met mnr Ventrella kennis te maak.

Dr Jones

Dr Peter Jones, ook van die VSA, is nog een van die referente wat saam met sy vrou, Rebecca, na Suid-Afrika kom. Hy is tans die uitvoerende direkteur vir Christian Witness to a Pagan Planet (CWIPP). Hy was vantevore professor in die Nuwe Testament by die Westminster Theological Seminar in Californië vir 'n tydperk van 12 jaar.

Die CWIPP is 'n organisasie wat hom daarop toelê om die kerk toe te rus deur die Evangelie in 'n toenemende paganistiese wêreld te bring. Die CWIPP strewe daarna om die twee teenoorstaande religieuse standpunte, naamlik die Christendom en paganisme te verklaar, ten einde die kerk toe te rus om in die krag van die Woordverkondiging op die vrae wat uit die dominante kultuur van die paganisme na vore kom te antwoord, ter wille van evangelisering en 'n doelgerigte Christelike lewe.

Dr Jones het wyd gepubliseer met sommige van die titels: *Cracking the Da Vinci Code* (as mede-outeur), *Capturing the Pagan mind, The Gnostic Empire Strikes Back*, *Gospel Truth, Pagan Lies*, ens. Dr Jones is 'n besielende spreker wat gereeld in Amerika optree.

Sy vrou het ook 'n aantal publikasies laat verskyn en is self 'n bedrewe spreker.

Uit die inligting tot ons beskikking is 'n mens onder die indruk dat Peter en Rebecca uit een mond praat as dit oor die opvoeding en onderwys gaan. Ons verwelkom hulle graag in ons geledere in Maart.

Wou ons dit werklik hê?

- Ds C Bester

Die nasionale minister van onderwys kry nou hope geld uit die buiteland – die jongste berig is van 'n Nederlandse skenking – om ons onderwys sogenaamd "reg te ruk". Is hope geld werklik die oplossing?

Afrikaanse koerantredakteurs het selfs gevorder tot op die punt dat hulle teensinnig(?) die bedeling wat hulle so lank in hulle lesers se kele probeer afdruk het, moet bevraagteken en soms selfs (!) veroordeel. Is geopende oë alleen werklik die oplossing?

Sal dit help om nou skaam-kwaad ons koppe teen die mure te staan en stamp? Of om sondebokke ter slagting te probeer lei?

Waar moet ons heen met die onderwys en opvoeding van ons opgroeiende geslag? Het ons hulle inderdaad prysgegee aan die fynbeplande kommunistiese koppeswaaiery, langs die weg van die liberale humanisme en ongeloofswetenskap?

Kom ons toets 'n paar stasies waar ons kortpad verbygesny het op ons haastige afdraandepad.

Neem maar net die funksie van ouerbeheerliggame oor die jare – en die meerderheid van ouers se skandelike gebrek aan belangstelling en samewerking. U weet mos wat daar by u eie skole gebeur het in dié verband.

Kyk maar na ouers se eie gebrekkige belangstelling in die Verbondsonderrig wat, as hulp vir hulle, deur die kerke gereël en aangebied is met groot toewyding en moeite. Hoeveel persent ken u toe vir u eie, en u familie se betrokkenheid by hierdie funksie?

Hoe lyk ons primêre bron. Die oog van die fontein. Daar waar die gelowige ouers hulle in-Christus-nuutgemaaktheid aan hulle kinders moet demonstreer en voorsê? Dit gaan om meer as net die uiters belangrike kennis en doen van die Bybel – dit gaan om die voortplanting van 'n in-Christus-geheiligde-lewenstyl. Hier leef of sterf ons kinders – ons kerk – ons volk!

Hoe lyk u bouwerk? Hoe effektief berei u uself en u kind voor vir die oorstap in die volmaakte hemelse burgerskap? Tien persent? Honderd persent? Wat gaan u doen omtrent die gate in die mondering?

Stem u saam dat dit uiteindelik in die finale loopgraaf nie daarom gaan dat ons kinders deur die Satan se gesante gebombardeer word nie – dit gebeur al sedert die paradysdae van Adam en Eva! Eintlik moet ons onsself verantwoord oor ons en ons kinders se weerbaarheid in hierdie oorlogsituasie. Ons het God se Woord in ons eie taal. Ons kan goed lees – aandeleverslae, politieke berigte, koerante en tydskrifte, al die media ... want ons WIL dit wat aangebied word verorber.

Maar WIL ons die wil van God ken? Wil ons Hom gehoorsaam? Waarom dan die magdom verskonings en pogings tot verontskuldiging om geestelik neutraal en apaties te bly? Andere moet sorg vir ons – ons loop op ons vryrat salig gelukkig na ..... waarheen?

- Ouers, grootouers ... kinders ... niemand is in hierdie saak vry te spreek nie ...
- Ons sal meer erns moet maak met ons Here se Woord in ons lewens.
- Ons sal baie ernstiger en meer toegewyd ons gebedsvoorreg moet gebruik.
- Ons sal móét hande vat met ons geloofsgenote en bou aan die geloofsvestings van gesin, kerk en volk ...
- Ons sal die omvang van die geestelike verval eerlik onder oë moet neem, en sal die wysheid wat ons van die Here kan afsmeek gebruik, om ons vervalle mure weer op te bou ...
- Dit doen ons alleen omdat ons onse God erken as die enigste en soewereine Koning oor die heelal – wie se eer ons skandelik geskend het – en waarvoor ons met gehoorsaam-dankbare toewyding restitusie moet begin doen.

Mag Hy ons genadig wees.

Is goedkoop genade nog genade?

(Met erkenning aan Pendulum Evangelisasie vir die plasing hiervan as 'n geredigeerde bydrae)

Volgens die evangelisasiegroep, Pendulum, bestaan daar merkwaardige ooreenkomste tussen Suid-Afrika en Noord-Amerika oor die kwaliteit van Christenskap n.a.v. die resultate wat 'n oorsese peiling opgelewer het. Die oorwig van Amerikaners verklaar dat hulle Christene is, soos dit ook in Suid-Afrika die geval is.

Die gesaghebbende navorsingsinstelling, Barna in die VSA, het egter bevind dat min Amerikaanse Christene morele besluite op die Bybel baseer. Slegs 'n klein groepie glo dat daar 'n absolute waarheid bestaan. Ongeveer 60% evangeliese Christene aanvaar die Bybel as die hoofbron van hulle morele waardeoortuiging, teenoor maar ongeveer 20% nie-evangeliese Christene.

Barna stel hom dit ten doel om kerkgenootskappe te oorreed om lidmate tot ondermeer die oortuiging te bring dat –

- die bron van alle waarheid die Bybel is;
- die Bybel in al sy beginsels betroubaar en akkuraat is;
- die ewige lewe nie verdien kan word nie;
- Jesus Christus in sy lewenswandel op aarde sonder sonde was;
- elke Christen 'n verantwoordelikheid het om sy getuienis met ander te deel;
- Satan 'n lewende mag is en nie bloot 'n simbool van boosheid nie;
- God alwetend en almagtig is, die Skepper van die heelal, wat steeds oor Sy skepping regeer; en
- dat daar 'n absolute morele waarheid bestaan.

Vroeëre navorsing deur Barna het aangetoon hoedat Christene wat van die bogemelde oortuig is, 'n radikale andersoortige lewenspatroon van keuses volg. Dit lei daartoe dat hulle verskynsels soos saamwoon, dronkenskap, owerspel, homoseksualiteit, goddeloosheid, godslastering, pornografie, dobbelary, aborsie e.d.m. verdoem.

Nogtans, ten spyte van al die debatvoering die afgelope jare oor verskeie morele sake, gepaard met kerke se pogings tot morele versterking, leef slegs 5% volwassenes van bogemelde oortuiging dit wat hulle bely uit. Die persentasies varieer tussen die onderskeie Christelike groeperinge: 8% van die Protestante teenoor 0.05% van die Rooms-Katolieke.

Om iets as moreel-korrek te beskou enersyds, maar in versuim te bly om dit uit te leef andersyds, is 'n skreiende dualisme, met onvermybare gevolge. 88% van hierdie Christene is steeds van mening dat hulle "aanvaarbaar" is voor God, volgens die peiling.

Dié verstommende statistiek laat mens dink aan wat Dietrich Bonhoeffer oor die selfmisleiding van Lutherse Christene in Duitsland geskryf het. In sy boek *The Cost of Discipleship* verwys Bonhoeffer na diesulkes wat "goedkoop genade" ontvang het. Hy het "goedkoop genade" gedefinieer as: "prediking oor vergifnis sonder die vereiste sondebelydenis, doop sonder kerkdissipline, nagmaal sonder geloofsbelydenis, vergifnis sonder 'n persoonlike belydenis. Goedkoop genade is genade sonder dissipelskap, is genade sonder die Kruis, is genade sonder Jesus Christus en die lei van 'n vleeslike lewe." (vert. deur Pendulum).

Die bekende Bybel-kommentator, Arthur W. Pink het gesê: "Nog nooit was daar soveel miljoene nominale Christene op die aarde soos vandag nie, en nog nooit was daar so min ware Christene nie.

Daar is ernstige twyfel of daar ooit 'n tyd in die geskiedenis van die Christelike era was toe daar soveel miljoene misleide skares was, skares wat glo dat alles wel is met hulle siele, en dit in 'n stadium wanneer God se wraak soos 'n swaard oor hulle hang." (vert. deur Pendulum).

In sy boek *Now for Something Totally Different* boekstaaf dr. Stuart Briscoe van sy waarnemings oor waarom so baie Christene vandag probleme daarmee het om hulle belydenis in praktyk te handhaaf:

"Ons beleef 'n ontsettende reaksie teen gesag, 'n intense veragting van dissipline. Hierdie geneigdheid blyk 'n natuurlike gevolg te wees van ons demokratiese filosofie wanneer dit buite beheer raak. Regering is veronderstel om vanuit die mense, vir die mense, deur die mense en ingevolge demokratiese beginsels te werk … Deesdae sien ons egter 'n afbraak van dié proses. Hierdie soort denkpatroon kan eindig by wat in Rigters 17: 6 (1933/ 53-vert.) beskryf word: "In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë."

Gehoorsaamheid ontbreek ook in die gesinslewe, op politieke vlak, in die onderwys...

En in die kerk beleef ons 'n soortgelyke situasie.

Daarenteen: gehoorsaamheid is 'n uitdrukking van die regte verhouding met God in Christus. Dit is 'n verhouding van liefde soos wat dit in Joh. 14: 15 uitgedruk word: "As julle My liefhet, bewaar My gebooie."

In Efes. 2: 8 - 10 (1933/ 53-vert) lees ons: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
nie uit die werke uit nie, sodat niemand mag roem nie.

Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."

Die **hoofkaraktertrek** van verlostes in Jesus Christus is inderdaad hulle konsekwente **gehoorsaamheid** aan God en sy Gebod in leer en in lewenswandel.

Eiendomsgeskiedenis van die VCHO

- NR Vorster

Inleiding

Gedurende die bietjie meer as 50 jaar van die Vereniging se bestaan is eiendomme aangekoop en verkoop, wat egter nie van die VCHO 'n eiendomspekulant of eiendomsontwikkelaar gemaak het nie. Beide aankope sowel as verkope was daarop gerig om die VCHO in 'n beter finansiële posisie te stel, ten einde aan sy oorhoofse doelstelling en missie uitvoering te gee. Met die heersende stand van die onderwys in Suid-Afrika tans word 'n al groter uitdaging gestel, ook finansieel, omdat 'n hoë premie op Christelike onderwys en wetenskap geplaas word.

Barnesstraat 41

Barnesstraat 41, in Bloemfontein, het reeds sinoniem met die Vereniging geword. Dié eiendom (Erf Nr. 475) is op 4 Maart 1976 per Transportakte Nr.T3612/ 1976 in die naam van "Die Hoofbestuur van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys" getransporteer. Dit is aangekoop van ene Schalk Willem Human. Geringe veranderinge aan die gebou is aangebring vir verbeterde funksionaliteit.

Op 3 Mei 1976 neem die Bestuurskomitee van die destydse Bloemfonteinse Stadsraad die volgende besluit. "Dat die applikant (VCHO) in kennis gestel word dat die Stadsraad geen beswaar teen die voorgestelde gebruik (kantore) het nie." Alhoewel die huidige sonering van die perseel steeds residensieel is, word per spesiale vergunning van die Raad dit as 'n kantoor bedryf.

In die onlangse verlede is twee eiendomme, een reg langsaan en een skuins oorkant die straat, van Barnesstraat 41 per veiling verkoop, onderskeidelik vir R1,7 milj. en R2,3 milj. 'n Aanbod om Barnesstraat 41 aan te koop is sedertdien van verskeie voornemende kopers ontvang. Die aanbiedinge is egter van die hand gewys, aangesien die aanbodpryse te laag was, in die lig van voormelde pryse.

Die intrastedelike ligging van die Barnesstraaterf is baie goed. 'n Plaaslike argitek, Johan de la Rey, wat die saak van die VCHO ondersteun, het goedgunstiglik sketsplanne opgetrek vir 'n meer moderne kantoorgebou wat groter benutbare kantoorruimte tot gevolg sal hê, en gedeeltelik deur die Vereniging beset kan word, terwyl die res verhuur kan word. Hierdie opsie is tans nog onder sorgvuldige oorweging.

Oviston, in die Oos-Kaap, naby die huidige Gariepdam

Wat oorspronklik die Laerskool op Oviston was, word op 26 Oktober 1984 per Transprtakte Nr. T60807/84 oorgedra aan "Die vereniging vir Christelike Hoër Onderwys". Dit is aangekoop van die Stadsraad van Venterstad, nadat dit in die media geadverteer was.

Talle naweekkampe, gesinskampe en soortgelyke byeenkomste is sedertdien daar gehou teen basiese inkomste vir die VCHO. Tans word die eiendom ge-administreer deur die Oviston Ontspanningsoord BK, wat in ruil daarvoor vir die lopende koste aan eiendomsbelasting ens. die aanspreeklikheid dra.

Die potensiaal om die eiendom as toeriste-oord of aantreklikheid te benut en aan te wend ten einde groter inkomste te genereer word vir geruime tyd reeds ondersoek. Die ligging van die eiendom is egter problematies. Dis betreklik geïsoleer en is nie langs bekende hoofweë soos bv. die N1 geleë nie. Sonder effektiewe reklamering kom dit nie tot sy reg nie.

'n Stadsraadslid van Venterstad is tans besig met die organisering van 'n toerismeforum vir die Groter Gariepdam-omgewing wat dorpe soos Colesberg, Bethulie, ens. insluit. Die VCHO het versoek om ook hierby betrek te word.

Van Zylstraat 31

Op 23 Februarie 1998 word Erf Nr. 8638, Universitas (Van Zylstraat 31, Bloemfontein) getransporteer per Transportakte Nr. T7232/98 in naam van "Die vereniging vir Christelike Hoër Onderwys". Dit is aangekoop van H.J. en J.P. Bester. Die eiendom is bekom om te dien as behuisingsvoorsiening vir die Hoof Uitvoerende Beampte.

Sedert Desember 2003 is die eiendom verhuur. Dit het gaandeweg duidelik geword dat onderhoud aan die eiendom al meer eise begin stel. Die huurder het met 'n aantreklike koopaanbod vorendag gekom waarop die eiendom verkoop is aan die begin van 2005.

Ander ondersoeke

Soos reeds vermeld word geoordeel dat belegging in vaste eiendom tans die beste is. 'n Paar ondersoeke en analises is plaaslik sowel as elders gedoen met die oog op belegging.

Brandfort

Twee gedeeltes grond nagenoeg 101ha was in die mark net buite Brandfort. Die VCHO het dadelik 'n opsie om te koop daarop geneem en met 'n ondersoek begin. Die bedoeling was om die grond in kleinhoewes te verdeel, elke hoewe van basiese infrastruktuur te voorsien en dan met wins van die hand te sit. Die prys van die grond tesame met die koste verbonde aan water- en kragvoorsiening het die verkoopprys van hoewes buite die mark geplaas. Die projek is laat vaar.

Bloemfontein

'n Hele aantal beleggingsmoontlikhede in Bloemfontein is ondersoek. Daar is veral gefokus op geboue met kantoorgebruike. Sekere dele van die stad grensende aan die sentrale sakekern is tans in 'n oorgangsfase, bedoelende dat tradisionele residensiële buurtes gaandeweg omskep word in kantoor- en kommersiële grondgebruike. Die

Vervolg op bl 14

DIE JONGSPAN

Tannie Aletta

Dagsê Maats,

Teen hierdie tyd is baie van ons al bevoorreg om in die rus van die vakansie te wees, na die jaar se verpligtinge, en met die eindeksamen agter die rug. Ons (gewese) graad-12's verkeer in afwagting van die uitslag daarvan. Mag die uitslag vir julle die kroon span op volgehoue inspannende en toegewyde werk.

Die rustyd bied natuurlik aan ons die geleentheid om na te dink oor die jaar wat verby is, maar ook vir beplanning en besluitneming wat 2006 betref, en in verband met ons toekoms verderaan. In die betrokke tydspan van die jaar waarin ons tans is, is daar veral twee datums wat belangrike gebeure by ons behoort op te roep, en wat altwee met oorlewing en voortbestaan, d.w.s. 'n toekoms, te doen het. Ja, julle is reg, ons dink aan die betekenis van die twee datums waarvan die eerste ons volksgeskiedenis, en die tweede die wêreldgeskiedenis betrek, te wete 16 en 25 Desember. Altwee die datums roep gebeure van besondere betekenis vir ons volk en die mensdom by ons op, wat van die handelinge van God teenoor die mens getuig. Dit is so dat ons dié twee nie op een vlak kan plaas nie. Tog is daar in beide die begrip "**uitredding**" opgesluit. Dit is verder so dat ons die twee afsonderlike gebeure nie in isolasie moet beskou, asof daar géén verband met die geheel van die volks- en wêreldgeskiedenis bestaan nie.

By Bloedrivier (16 Desember 1838) red God ons volk in benouende omstandighede van gewisse dood. 25 Desember, die datum wat in die Christelike wêreld as die datum waarop Jesus Christus onder die mense kom woon het, gevier word, hou vir ons weer die betekenis in van Sy werklike verskyning tot redding en saligheid van die mensdom, en dit uit die greep van die ewige dood. Daarby is ons eie volk ook ingesluit. Hierdie verlossingsdaad beteken vir ons dat die dood tot in ewigheid nie meer vir ons 'n bedreiging inhou nie, omdat ons met die viering van die Christusfees verklaar dat die oorwinning vir ons behaal is deur Sy opstanding uit die dood.

16 en 25 Desember bevestig aan ons dat dit God is wat in die geskiedenis van ons volk en die wêreld ingegryp, en die verloop daarvan so bepaal het dat dit op die redding van mense uitgeloop het, in die eerste geval dan wel van die liggaam en in tydelike sin, maar in die tweede geval tot behoud van ons lewe in ewige sin. So moet ons in altwee hierdie gebeure die hand van die Here raaksien, wat ons volk in nood nie by Bloedrivier versaak het nie en, wat ons eie sondetoestand betref, ons nie aan onsself oorgelaat het nie, maar ons wonderbaarlik daarvan verlos het.

16 en 25 Desember mag nie so deur ons verontagsaam word dat dit vir ons bloot dae van wêreldse jolyt word nie. Maar, aan die anderkant, behoort die dieper geestelike betekenis daarvan ons harte so met dankbaarheid teenoor God in Jesus Christus te vervul, dat ons ons in volle oorgawe aan Hom sal wil toewy.

IETS VIR DIE JONGER MAATS

BERGE VAN DIE BYBEL

Skryf die eerste letter van elke voorwerp neer – so kan jy die naam van hierdie berg leer.

By hierdie berg het Josua 'n altaar vir die Here gebou (Jos 8: 30, 1983-vertaling).

Vervolg van bl 9

probleem met sulke eiendomme is dat dit baie gou deur kapitaalkragtige ontwikkelaars opgeslurp word.

Hertzoghuis

Dit het onder ons aandag gekom dat die historiese Hertzoghuis, 'n nasionale gedenkwaardigheid, wat aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) behoort, moontlik deur die VCHO benut kan word. Ons is tans besig met onderhandelings met die UV om die Hertzoghuis op die basis van gebruiksreg te bekom.

Slot

Die koop en verkoop van vaste eiendom het oor die jare aan die VCHO 'n bestendige bron van inkomste gelewer waarmee hy sy primêre doelstelling naamlik die bevordering van Christelike Onderwys en Wetenskap kon verrig.

Bybelblok

Die Skrifgedeeltes is uit die 1983-vertaling geneem:

AF

1. Volg My en laat die dooies hul eie dooies …..
2. Die tyd het aangebreek en die …. van God het naby gekom. (Mark 1: 15).
3. ’n Lengtemaat (Gen 6: 15).
4. ’n Tak van die rivier in Eden.(Gen 2: 14).
5. Hy het die … met ’n woord uitgedryf en al die siekes gesond gemaak.
6. Maar die Seun van die mens het nie eers ’n …. vir sy kop nie.
7. Die Gees self …. vir ons in met onuitspreeklike sugtinge. (Rom 8: 26 Ou Vert).
9. “… is die ware wingerdstok ….” (Joh 15: 1).
14. Sy naam is Seba, seun van ..kri. (2Sam 20: 21).
15. Voegwoord wat baie in die Bybel gebruik word.
16. Jesus het sy dissipels in die skuit laat klim om solank voor Hom uit te vaar na die oor (Mt 14: 22).
18. Ek het nog by niemand so ’n groot …. teëgekom nie.
19. Baie sal van die ooste en die weste af kom en saam met Abraham, …., en Jakob aan tafel gaan in die koninkryk van die hemel.
20. Die twee besetenes het geskreeu: “Het U hierheen gekom om ons voor die tyd te ….?”
21. Elisa het …. in die pot gegooi om ’n giftige bredie eetbaar te maak. (2Kon 4: 41).
22. ’n Stad waarvandaan die koning van Assirië inwoners gebring het om in Samaria te vestig. (2Kon17: 24).

DWARS:

2. “Hy het ons … op Hom geneem en ons siektes gedra” (Ou Vert)
5. Twee mense wat in die mag van bose geeste was, het Jesus van die …. af tegemoet gekom.
8. Die moeder van Timoteus se naam begin met hierdie letters (2Tim 1).
10. Jesus het die wind en die see ….
11. Afkorting van die land in Rom 15: 24.
12. Prys die Here om die … van sy naam. (Ps 96: 8).
13. Ten laaste [afk]
14. ’n Half sikkel (Ex 38: 26).
17. Die meervoud van die implement wat Jakob gebruik het vir dit wat hy sou doen in Hosea 10: 11.
18. Vader van Tibni. (1Kon 16: 21).
21. ’n Man wat …… was, het voor Jesus kom kniel en gesê: “Here, as U wil kan U my gesond maak.
23. Hy roep sy eie skape op hul …. en lei hulle uit. (Joh 10:3).
24. Jesus het sy bang dissipels as …. beskou.



Adres onbekend

"Adres onbekend" moet ons dikwels verneem wanneer posstukke na die kantoor teruggestuur word. Dit gebeur gewoonlik nadat 'n uitgawe van *Roeping & Riglyne* na ons lede uitgestuur is. Telkens is daar egter 'n aantal daarvan wat ons lede nie bereik nie, terwyl ons ons van die mees onlangse adres vergewis het. As gevolg hiervan word die gereelde kommunikasie met sommige lede verydel, aangesien ons dan nie langer met hulle kontak het nie, terwyl dit die bedoeling is dat ons deurlopende skakeling met ons lede wil behou. Die besonderhede van lede wat "weggeraak het" gaan van tyd tot tyd geplaas word, in die vertroue dat dit op die een of ander wyse onder hulle aandag mag kom, of dat lede wat van hulle bewegings op die hoogte is, die kantoor in kennis sal stel. Indien ons die nuwe adresbesonderhede van die persone soos hiernaas vermeld kan bekom, sal ons dit hoog op prys stel.

Lidnr	Naam	Dorp/ Stad	Sedert
249108	Coetzee, Mev L	Malvern	Nov. 1998
204323	Coetzee, Mnr J P	Roodepoort	Aug. 1995
160962	Coetzer, Mnr & Mev J J	Port Elizabeth	Sept. 1997
126233	Cronje, Mnr J	Arcadia	Mei 1997
221368	De Beer, Mnr W H J	Sasolburg	Nov. 2003
017027	De Bruyn, Mnr & Mev F J S	Vryburg	Junie 1999
247671	De Goede, Mnr & Mev L K	Wildernis	Junie 2004
179450	De Jager, Mnr C J	Makokskraal	Maart 2001
350517	De Jager, Mnr H S	Reivilo	Nov. 2002
141046	De Klerk, Mnr C	Upington	Maart 2001
131598	De Kock, Mnr en Mev G H	Bloemfontein	Sept. 1999
177520	De Koker, Mnr W J H	Die Wilgers	Aug. 2001
209317	De Villiers, Mnr & Mev J P	Harrismith	Junie 2000
093165	De Villiers, Mnr H B	Heuningspruit	Mei 2001
155519	De Vos, Mnr & Mev CJ	Oos Londen, Cambridge	Feb. 1988
249510	De Winnaar, Mev A	Newcastle	Des. 2002
002275	De Witt, Mnr W H	Clanwilliam	Maart 1997
219088	Delport, Mnr G C	Brooklyn	Jan. 2003
129895	Du Plessis, Mnr D P	Bothaville	Maart 2003
249123	Du Plooy, Mev D	Wesselsbron	Aug. 2000
236438	Du Toit, D V	Oos Londen	Des. 2004
232203	Du Toit, Mev F	Namibië, Keetmanshoop	Julie 1996
249476	Eksteen, Mnr O J	Delmas	Feb. 2002
350504	Engelbrecht, Mnr J M	Humansdorp	Okt 2003
213213	Erasmus, Mev G J	Bloemfontein, Langenhoovenpark	Julie 1996
248544	Erasmus, Mnr C J	Delmas	Junie 1999
247246	Erasmus, Mnr T G	Lichtenburg	Okt. 2003

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
EN
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C Bester
KERNREDAKSIE: Prof AWG Raath, Prof DFM Strauss.

50

Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Barnesstraat 41
Bloemfontein 9300

Tel. (051) 448 9160 of
(051) 448 4464
Faks (051) 448 4669
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof AWG Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Mnr. S le Cornu (Potchefstroom), Prof PH Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Ds G van Heerden (De Deur), Prof R Marè (Pretoria), Dr IH Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Brits), Dr HG Stoker (Pretoria), Prof EJ van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H Hefer (Brakpan), Ds FJ van der Merwe (Koster), Dr JAE Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr HJ Hayes

Gedruk deur Handisa Drukkers • Tel: (051) 403 8500